

10. OPLEIDINGSPROGRAM VIR OPLEIBARE GEESTELIK VERTRAAGDE
DOWNSINDROOMKINDERS IN DIE OPLEIDINGSENTRUM

10.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal vraelysresponse met betrekking tot die noodsaaklikheid van 'n spesiale opleidingsprogram vir opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders ten aanvang weergegee en bespreek word. Hierina sal 'n opsomming van spesifieke agterstande en besondere vaardighede by die Downsindroomkind gegee word. Verder sal vraelysresponse aangebied en bespreek word met betrekking tot die vraag na merkbare verskille in vaardighede by Downsindroomkinders van dieselfde chronologiese ouderdom. Om vas te stel op watter gronde verskillende sentrums hul response met betrekking tot hierdie verskille/geen verskille in vaardighede baseer, sal vraelysresponse in hierdie verband weergegee en bespreek word. 'n Aantal psigometriese en diagnostiese hulpmiddels sal verder afsonderlik bespreek en beoordeel word.

Vraelysresponse met betrekking tot die gebruik van bepaalde terapeutiese programme om spesifieke agterstande by die Downsindroomkind te verbeter, sal verder aangebied word. 'n Spesifieke opleidingsprogram sal ook bespreek word om so aan te dui ten opsigte van watter afdelings aanpassings vir Downsindroomkinders gemaak moet word. In die laaste afdeling van die hoofstuk sal vraelysresponse met betrekking tot die opleibaarheid van die Downsindroomkind (verhoging van die verstandsouderdom) aangebied word.

10.2 Die noodsaaklikheid van 'n spesiaal aangepaste opleidingsprogram vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind

Om vas te stel of hipotonie, gehoorsdefekte en 'n algemene stadige ontwikkelingspatroon (kyk paragrawe 3.4 en 3.5) 'n spesiaal aangepaste opleidingsprogram noodsaak, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Het die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind se fisiese abnormaaliteite tot gevolg dat daar 'n spesiale opleidingsprogram in die sentrum vir hom saamgestel moet word? (Motiveer u antwoord asb.)" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 4). Response op hierdie item word hierna in tabel 10.1 aangebied en bespreek (kyk p. 118).

10.2.1 Bespreking van vraelysresponse

Volgens verkreë response verklaar 40% van die respondente dat 'n spesiale of aangepaste program vir opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders opgestel moet word. Die belangrikste motivering tot hierdie gevolgtrekking is die volgende spesifieke agterstande wat opgemerk is: hartdefek, wat die rede is waarom dié kinders fisies swak is en gou moeg word; lompheid en 'n algemene agterstand in growwe motoriese koördinasie; visuele defekte en spraakgebreke, wat 'n algemene agterstand blyk te wees. Verder het 40% respondente tot die gevolgtrekking gekom dat die Downsindroomkinders dieselfde program (sonder aanpassing) as die ander opleibare geestelik vertraagdes in die sentrum kan volg, terwyl 20% respondente geen respons op hierdie item gelever het nie.

Gevolgtrekking

Die spesifieke agterstande, wat die respondente by die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders opgemerk het, word uit die literatuurstudie gestaaf. Omdat die opleiding in die groep op 'n individuele grondslag plaasvind, kan die Downsindroomkinders saam met ander opleibare geestelik vertraagdes in dieselfde klaskamer aan dieselfde opleidingsprogram deelneem. Met betrekking tot spesifieke agterstande en besondere vaardighede (kyk par. 10.2.2) moet die Downsindroomkinders se

Tabel 10.1

Die noodsaaklikheid van 'n spesiaal aangepaste program vir
die Downsindroomkind

Sentrum	Ja	Nee	Geen respons	Motivering van respons
1. Alexandra School		x		"No difference between physical state of Downs and other Brain-injured non-paralyzed."
2. Casa Do Sol		x		"They are included as are all the other pupils of our school."
3. Eljada Sentrum			x	
4. E.S. 1e Grangeskool	x			"Die helfte van ons Downsindroomkinders ly aan spraakgebreke en gevolglik moet spesiale aandag daaraan gegee word."
5. Eureka Sentrum	x			"Ons het 'n middelgroep waarin ons probeer om die kinders se I.K.'s te verhoog."
6. The Gateway	x			"They only need adaptation of programme."
7. The Hamlet	x			"Some Down's Syndrome children are very agile, where others are very clumsy, in which case they would require a lot of gross motor and balancing exercises."
8. Horison Skool vir Vertraagdes		x		"Daar word nie vir kinders met Downsindroom 'n spesiale program opgestel nie."

Sentrum	Ja	Nee	Geen respons	Motivering van respons
9. Janie Schneider		x		"Pas maklik aan by ander kinders."
10. Jannie Brink Sentrum		x		"Hoewel die kind met Downsindroom geringe fisiese afwykings het, hou hy by met die program."
11. Kempton Parkse Skool vir Gestremdes		x		"As hulle oor hul lompheid kom, is hul growwe motoriese bewegings ook gemiddeld."
12. Lettie Fouché Sentrum			x	
13. McClelland School			x	
14. Merryvale Training Centre		x		"Fit in with the others."
15. Muckleneuk Opleidingsentrum		x		"Hulle is saam met ander opleibares in groepe. Ons probeer ons onderrig sover moontlik op 'n individuele basis hou."
16. Oasis Association for Retarded Children	x			"Speech therapy, because most Downs have very poor speech. Physical exercises for poor muscle tone."
17. Oosrand Sentrum vir Verstandelik Vertraagdes	x			"Die klem moet veral op sosiale, fisiese, verstandelike en spraakontwikkeling gelê word."
18. Rotara Opleidingsentrum			x	
19. San Michele Home	x			"All of them has a heart defect."
20. San Salvador	x			"Often defective heart, therefore quickly tiring, clumsy in movements and slow, defective eyesight and inattentive."

21. Uitenhage Day Centre	x			"Only when it comes to physical exercises, as most have a chest or heart complaint."
22. Witrand Skool Afdeling		x		"Die daaglikse program is van so 'n aard dat die kinders met Downsindroom daarby baat en volgens potensiaal vorder."
Totaal	9	9	4	
%	40	40	20	

program egter aangepas word om geleentheid vir meer stimulering in die agterstande moontlik te maak.

10.2.2 Opsomming van spesifieke agterstande en besondere vaardighede by die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind

a. Spesifieke agterstande

- * Spraakgebreke (kyk par. 3.5.2, 4.2.6, 6.6, 9.3.2 en 10.2.1);
- * Tassin, ruimtelike en kinestetiese vermoëns (kyk par. 4.2.7 en 9.3.2);
- * Visuele vermoëns (kyk par. 9.3.2, 9.3.3.1 en 10.2.1);
- * Groot motoriese koördinasie en lompheid (kyk par. 3.4, 3.5.1, 4.2.7 en 10.2.1);
- * Sensories-motoriese vermoëns (kyk par. 4.2.7);
- * Gehoor (kyk par. 4.2.6) en
- * Hartdefek (kyk par. 3.4 en 10.2.1).

b. Besondere vaardighede

- * Sosiale aanpassing (kyk par. 4.2.4, 9.3.1 en 9.3.3.4) en
- * Musikale en ritmiese vermoëns (kyk par. 6.5).

10.3 Verskille in vaardighede by Downsindroomkinders van dieselfde chronologiese ouderdom.

Om vas te stel of daar groot individuele verskille tussen Downsindroomkinders van dieselfde ouderdom voorkom, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Is daar 'n merkbare/meetbare verskil in die vaardighede (in 5 genoem) by kinders met Downsindroom van dieselfde chronologiese ouderdom in u sentrum?" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 6). Hierdie vraag hou verband met die volgende vaardighede: visueel-motories, selfsorg, skolasiese werk en sosiale aanpassing. Die response op hierdie vraag word in tabel 10.2 gegee.

Tabel 10.2

Verskille in vaardighede by Downsindroomkinders onderling

	Ja	Nee	Geen respons
Getal sentrums	10	7	5
%	45	32	23

Bespreking van resultate

Alhoewel spesifieke agterstande en besondere vaardighede by alle Downsindroomkinders voorkom, moet die beginsel van individuele verskille erken word. Net soos by die kind met normale verstandvermoë het 'n stimulerende omgewing 'n groot invloed op die ontwikkeling van die genetiese verstandspotensiaal van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind. Twee Downsindroomkinders met dieselfde chronologiese ouderdom, geslag en vermoëns, wat respektiewelik in 'n stimulerende en liefdevolle of verwaarloosende ouerhuis opgroei, sal groot verskille in vermoëns toon met sentrumtoetreding (kyk par. 8.7). Hierdie feit verklaar die vraelysresponse, nl. dat 45% respondente verskille in vaardighede by opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders opmerk.

32% Respondente het nie groot individuele verskille by Downsindroomkin= ders van dieselfde ouderdom opgemerk nie. Hierdie response is in die ver= wagte rigting, nl. dat individuele verskille wel mag voorkom, maar dat 'n algemene tendens ten opsigte van agterstande en gevorderdheid in bepaalde vaardighede merkbaar is. 23% Respondente het geen respons op hierdie item gelewer nie.

10.4 Meetmiddels om die funksioneringsvlak van bepaalde vaardighede vas te stel

Alhoewel 64% van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders se I.K.'s onbekend is (kyk tabel 9.2), is dit belangrik om vas te stel van watter meetmiddels gebruik gemaak is om die oorblywende 36% se I.K.'s te meet. Die volgende item is daarom in die vraelys ingesluit: "Watter meetmiddel(s) is gebruik om hierdie syferresultaat te verkry?" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 2b). Een respons met betrekking tot 'n meetmiddel om die sosiale kwosient te bepaal, word onder punt 5 in tabel 10.3 weerge= gee.

Tabel 10.3

Meetmiddels wat gebruik is om vermoëns van Downsindroom= kinders te bepaal

Skaal	Getal sentrums
1. Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskap= like Navorsing (ou skaal)	4
2. Goodenough-Draw-a-Man Test	1
3. Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal	1
4. Merrill Palmer Scale	1
5. Vineland Social Maturity Scale	1
6. Wechsler Intelligence Scale for Child= ren	1
7. Stanford-Binet Skaal	1

10.4.1 Psigometriese en diagnostiese hulpmiddels deur opleidingsentrums-genoem

Individuele intelligensieskale wat deur enkele sentrums gebruik word, nl. Die Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, die Goodenough-Draw-a-Man Test, die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal, die Merrill Palmer Scale, die Wechsler Intelligence Scale for Children en die Stanford-Binet Skaal, sal kortliks bespreek word as metodes om die funksioneringsvlak van intelligensie by die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind te bepaal. Die Vineland Social Maturity Scale sal verder as diagnostiese hulpmiddel om sosiale vaardigheid by Downsindroomkinders vas te stel, bespreek word.

10.4.1.1 Die Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

In 1927 het M.L. Fick die sogenaamde Fickskaal saamgestel en gestandaardiseer. Dit was hoofsaaklik 'n verwerking van die Binet-Simonskaal soos herstandaardiseer deur Terman, en dié van C. Burt se Individuele Skaal, wat ook op die Binet-Simonskaal gefundeer en in Engeland gestandaardiseer is. Fick het hierdie skaal saamgestel met die doel om subnormale leerlinge te identifiseer (Fick, 1939, p. 2).

In 1938 het Fick hierdie skaal vir die Nasionale Buro uitgebrei en herstandaardiseer. Die Van Wyk-komitee (1967) het in hul ondersoek tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Die Ou Individuele Skaal is ongeveer 40 jaar gelede in Suid-Afrika geëk en om 'n verskeidenheid van redes gee die gebruik van hierdie skaal sonder modernisering nie meer tevredenheid nie" (p. 34).

10.4.1.2 Goodenough-Draw-a-Man Test

Die oorspronklike standaardisasie van hierdie toets is in 1926 gedoen. Harris het dié toets in 1963 herstandaardiseer onder die titel "Goodenough-Harris Drawing Test". Die klem het veral op noukeurige waarneming en die ontwikkeling van begripsmatige denke geval. Die eenvoudige aanwysings by

hierdie toets is om die toetsling te vra om 'n mens te teken.

Krediet word gegee vir die insluiting van afsonderlike liggaamsdele, detail ten opsigte van kleredrag, verhouding tussen liggaamsdele, perspektief en ooreenstemming van by. die twee arms. 'n Totaal van 73 items word op die basis van ouderdomsdifferensiasie onderskei. Volgens berekende norms kan die I.K. van kinders tussen 5 - 15 jr. ouderdom bepaal word. Dié toets korreleer baie goed met die Stanford-Binet toets (Anastasi, p. 250).

Gevolgtrekking

Alhoewel die norms vir die Goodenough-Harris Drawing Test slegs vanaf 5 jr. ouderdom uitgewerk is, toon die literatuur dat die toets met groot sukses op geestelik vertraagdes toegepas kan word: "The instructions to draw a man are comprehended by retarded subjects, and if no motor disorders are present, a skilled scorer can produce a valid estimate of mental level" (Jordan, 1961, p. 131). Hy toon verder aan dat hierdie toets as 'n diagnostiese middel in die bepaling van gereedheid tot sentrumtoetrede vir die geestelik vertraagde gebruik kan word.

Die belangrike psigodiagnostiese waarde van hierdie toets blyk uit die volgende:

- a. selfs die laegraadse opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind sal die instruksies verstaan;
- b. die toepassing van die toets neem min tyd in beslag;
- c. om 'n potlood vas te hou en 'n tekening te maak, vereis fyn motoriese vaardighede. Indien die Downsindroomkind probleme hiermee ondervind, kan daar in sy opleidingsprogram spesiale klem op fyn motoriese koördinasie gelê word;
- d. dit dien as diagnostiese middel om gebrekkige oog-hand koördinasie aan te toon; en
- e. die tekening is 'n toets van die kind se siening van sy eie liggaamsbeeld. Dit kan weer eens 'n aanduiding wees van sy vordering met betrekking tot hierdie aspek van die opleidingsprogram.

10.4.1.3 Die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal

Die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal van die Nasionale Buro (NSAIS) kan nie met sukses op opleibare geestelik vertraagde kinders toegepas word nie, omdat dit slegs voorsiening maak vir kinders met 'n verstandsoouderdom hoër as 5 jaar. Die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind, met 'n chronologiese ouderdom van 8 jr., se verstandsoouderdom wissel tussen 3 en 5 jaar. Alhoewel die Nasionale Buro besig is om 'n individuele skaal vir kinders onder 5 jaar op te stel, kan die huidige skaal (NSAIS) se norms nie gebruik word om afleidings met betrekking tot 'n populasie opleibare geestelik vertraagdes se verstandspotensiaal te maak nie (kyk par. 9.2.3).

10.4.1.4 Die Merrill-Palmer Scale of Mental Tests

Hierdie toets is reeds vanaf 1931 in gebruik en is aanvanklik veral as aanvulling tot die Stanford-Binet Intelligence Scale gebruik (Anastasi, 1969, p. 260). Dié toets kan op kinders tussen die ouderdomme 18 maande en 6 jr. (met groeperings van 6 maande) toegepas word. Omdat die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind se verstandsoouderdom tussen 3 en 5 jr. wissel, is hierdie toets besonder geskik om 'n aanduiding van die intellektuele funksionering te verkry. Hierdie toets word veral deur die "Oasis Association for Retarded children" as bepaler van die funksioneringsvlak van intelligensie van die opleibare geestelik vertraagde gebruik.

Vanweë die feit dat die toetsmateriaal uit gekleurde blokkies, figure en tekeninge bestaan, word die belangstelling van die kind maklik geprikkel en behou. Anastasi beskou die oormatige klem op spoed in die afhandeling van die opeenvolgende items as 'n swakheid van die toets. Sy sê dat die klein kind en die geestelik vertraagde se aandag normaalweg vinnig wissel (p. 261).

In die toepassing van intelligensietoetse op die klein kind en geestelik vertraagde moet die toetsafnemer voortdurend bedag wees op tekens van moegheid, angs en gebrek aan konsentrasie, wat betroubaarheid van resultate

negatief mag beïnvloed.

Volgens Anastasi is die gebrek aan norms vir interpretasie 'n verdere probleem ten opsigte van geldigheid by die toepassing van die Merrill Palmer toets op normale voorskoolse kinders. Objektiewe, aanvullende gegewens kan egter by kinders met 'n baie hoë of lae intelligensie verkry word. "This is especially true of mentally retarded children falling into clinical types that have clearly recognizable physical symptoms, such as Down's Syndrome" (Anastasi, p. 263).

Die psigodiagnostiese waarde van die toets blyk uit die volgende:-

- a. In die hantering van blokkies, tekening van objekte en die samestelling van figure uit afsonderlike, bymekaarpassende gedeeltes, kan fyn motoriese funksionering waargeneem word;
- b. gehoorsdefekte kan deur 'n vaardige toetsafnemer gediagnoseer word; en
- c. persepsuele agterstande (ook oog-hand koördinasie) kan by die Down-sindroomkind vasgestel word.
- d. Deur die reagering op instruksies kan verbale begrip getoets word.

10.4.1.5 Die Wechsler Intelligence Scale for Children

Die subtoetse van die WISC stem in 'n baie groot mate ooreen met dié van die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal. Die WISC is net soos die NSAIS op 'n populasie normale kinders gestandaardiseer. Die norms wat hiervolgens bereken is, kan nie gebruik word om afleidings te maak met betrekking tot die verstandspotensiaal van 'n populasie opleibare geestelik vertraagdes nie.

10.4.1.6 Die Stanford-Binet Intelligence Scale

Die oorsese literatuur bevat 'n groot aantal verwysings na die Stanford-Binet Intelligence Scale vir gebruik by die vasstelling van die verstandspotensiaal van die opleibare geestelik vertraagde kinders. Na 'n onder-

soek deur die Van Wyk-komitee (1967) na die versorging van die "erg geestesvertraagde" is daar met betrekking tot die gebruik van psigometriese hulpmiddels vir die vasstelling van onopvoedbaarheid tot die volgende gevolgtrekking in verband met die Stanford-Binet Skaal gekom: "Die toetsuitslae word in verband gebring met die vermoëns van erg geestesvertraagde kinders en die strukturering van die leermateriaal" (Van Wyk-verslag, p. 34). Die Van Wyk-komitee het verder aanbeveel dat hierdie toets vir gebruik by die vasstelling van onopvoedbaarheid in Suid-Afrika verwerk moet word.

Gevolgtrekking

Die Goodenough-Harris Drawing Test, die Merrill-Palmer Scale en die Stanford-Binet Scale blyk dus intelligensietoetse te wees wat gebruik kan word om die opleibare geestelik vertraagde kind se verstandspotensiaal by benadering te bepaal. Die Merrill-Palmer kan gebruik word om die opleibare geestelik vertraagde kind op 'n vroeë stadium uit te ken en vroeë stimulering moontlik te maak. Die verwerking en vertaling van hierdie toetse in Afrikaans is 'n saak wat dringende aandag vereis.

Dit moet egter duidelik verstaan word dat die vasstelling van 'n I.K.-syfer, met 'n standaardafwyking van 15 punte, nie gebruik kan word om 'n voorspelling te maak van die geestelik vertraagde kind se toekoms moontlikhede nie, maar slegs as hulpmiddel kan dien vir die breë kategorisering van vertraagde kinders.

10.4.1.7 Vineland Social Maturity Scale

Hierdie skaal bevat 'n gedetailleerde uiteensetting van aktiwiteite waarin kinders met toename in ouderdom 'n groter mate van onafhanklikheid van volwassenes, selfsorg en deelname in sosiale aktiwiteite ontwikkel. Die items wat in die skaal opgeneem is, neem toe in moeilikheidsgraad met toename in ouderdom en verteenwoordig rypwording in self-help ("self-help"), selfstandigheid ("self-direction"), bewegingsvermoë ("locomotion"), beroepsmatige aktiwiteite ("occupation"), kommunikasie en sosialisering. Rypwording in sosiale onafhanklikheid is 'n aanduiding van progressiewe ontwikkeling in sosiale bekwaamheid. 'n Belangrike doelstelling van hier-

die skaal is om vordering te meet as resultaat van die implementering van spesiale behandeling, terapie en opleiding (Manual of Directions, 1947, p. 2).

In die skaal word self-help verder verdeel in self-help: algemeen, self-help: eet en self-help: aantrek. By elke item word slegs 'n letter geplaas om die kategorie aan te dui waartoe dié betrokke item behoort, bv. SHG ("self-help general"). Die items is verder volgens ouderdomsgroepering gerangskik en genommer van 1 tot 117. Hierdie metode bevat 'n kombinasie van die jaar- en puntskaal beginsels.

Alhoewel die sosiale kwosient, as resultaat op die items van die VSMS, goed korreleer met I.K., is dit nie saamgestel met die doel om intelligensie, prestasie, persoonlikheid of emosionele rypheid te meet nie.

Die toetsafnemer stel die items van die skaal in die vorm van vrae aan iemand, bv. die moeder van die kind, wat baie nou met die kind se opvoeding gemeed is. Die toetsafnemer moet ook 'n deeglike kennis hê van die bospunte wat by bepaalde items toegeken kan word, bv. wanneer die toetspersoon fisiese gebreke het wat sy bewegingsvermoë strem.

Omdat die hoofdoelstelling by die opleiding van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind sy suksesvolle aanpassing in die sosiale omgewing is, kan hierdie skaal met groot vrug gebruik word om die vordering van die Downsindroomkind te bepaal. Anastasi (pp. 257 - 258) sê: "Although covering a range from birth to over 25 years, this scale has been found most useful at the younger age levels, and particularly with the mentally retarded. The VSMS has proved helpful to clinicians in diagnosing mental retardation and in reaching decisions regarding institutionalization".

Die belangrikste waarde van hierdie toets is die volgende:

- a. die vordering met toename in ouderdom in die self-help take toon die uitwerking van sensories-motoriese stimulering om die kind groter sosiale vaardighede te laat ontwikkel;

- b. die grootste bate van hierdie skaal by die Downsindroomkinders is die bepaling van vordering ten opsigte van kommunikasie en motoriese vaardighede (fyn en growwe motoriek en visueel-motoriese). Die Downsindroomkind toon veral agterstande in hierdie vaardighede en deur voortdurende kontrolering van vordering daarin kan die kind se opleidingsprogram dienoreenkomstig aangepas word;
- c. die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind se grootste moontlikheid tot opleibaarheid, wat in sosiale aanpassing gevind word (kyk par. 10.2.2), kan met hierdie skaal gemeet word.
- d. Sarason (1959, p. 11) beskou die waarde van die VSMS in vergelyking met I.K.-toetse soos volg: "One of the chief merits of the VSMS is that when included in a test battery it focuses the clinician's attention on the everyday activities of the individual and enables him to obtain a more comprehensive picture of the subjects functioning than if only the standard tests of intelligence had been administered".


In die volgende afdeling word die Gunzburg Progress Assessment Charts as vorderingskaal vir die bepaling van gevorderdheid in bepaalde vaardighede bespreek.

10.4.2 Die Gunzburg Progress Assessment Charts

Die evaluering van die opleibare geestelik vertraagdes se sosiale vaardighede kan alleen betroubaar wees as hul prestasie vergelyk word met die gemiddeld van 'n groep opleibare geestelik vertraagdes met dieselfde chronologiese ouderdom en I.K. Gunzburg (1973) is die eerste wetenskaplike wat aan hierdie teoretiese beginsel praktiese uitvoerbaarheid gegee het. Hy sê (p. 69) dat die Vineland Social Maturity Scale van Doll (1953) 'n goeie objektiewe meetinstrument is, maar noem die volgende beswaar: "It is clear that a social age (SA) obtained on the Vineland Scale can indicate the level of attainment in relation to the normal population but nothing else. The Vineland Scale will not permit to judge whether a mentally handicapped person is socially retarded compared with other mentally retarded people, because his social efficiency will always be below that of a normal person of his own age on account of his mental handicap" (p. 70).

Die Progress Assessment Chart of Social Development (hierna verwys as die P-A-C) is 'n lys van sosiale vaardighede, wat gestandaardiseer is deur dit op 'n groot groep geestelik vertraagdes van verskillende ouderdomme toe te pas. Afleidings is hierna gemaak van die ouderdomme waarop bepaalde vaardighede bemeester is en daarna is norms vir elke ouderdomsgroep bereken. Opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders het deel uitgemaak van die groot groep geestelik vertraagdes.

Die sosiale vaardighede stem ooreen met die indeling van die VSMS, nl. self-help, kommunikasie, sosialisering en beroepsmatige aktiwiteite. Elke een van hierdie hoofgroepe is onderverdeel in sub-afdelings, soos in die volgende diagram aangetoon:



P-A-C 1

(Gunzburg, p. 74)

Alle vaardighede, soos in die lys, word deur nommers verteenwoordig in konsentriese sirkels, sodat verskillende vaardighede wat op dieselfde stadium van ontwikkeling na vore behoort te kom op dieselfde vlak, onafhanklik van die afdeling, geplaas is. Hoe nader 'n vaardigheid aan die kern van die sirkel geplaas is, hoe vroeër word dit aangeleer. Wanneer die toetsling 'n item korrek het, word die blokkie met die ooreenstemmende nommer ingekleur, andersins word dit slegs ooggelaat.

Die hoeveelheid ingekleurde blokkies vertoon 'n beeld van die kind se gevorderdheid in bepaalde vaardighede. Hierdie kaart word die P-A-C genoem en gee 'n kwalitatiewe beeld van die geestelik vertraagde se sosiale vermoëns.

Met standaardisering van die P-A-C-kaarte is die gemiddelde vordering van 'n populasie opleibare geestelik vertraagde kinders in bepaalde vaardighede, op vasgestelde chronologiese ouderdomme gemeet, en as norme op 'n evalueringsindeks bereken. Hierdie Progress Evaluation Index (P-E-I) verskaf 'n kwalitatiewe beeld van die kind se sosiale vermoëns in vergelyking met die gemiddelde ontwikkeling van die kind se ouderdoms- en I.K.-groep (p. 96). Die gegewens op die P-E-I word deur middel van kruisies op die kind se P-A-C ingekleur om so direkte afleidings te maak van die kind se vordering in bepaalde vaardighede.

Die grootste waarde van hierdie vorderingstoets is die direkte afleidings vir die samestelling en voortdurende aanpassing van die opleidingsprogram van elke kind. Die onderwyser wat die spesifieke agterstande en besondere vaardighede van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinden, sal dit kontroleer deur die P-A-C en weet in watter vaardighede hy die meeste individuele aandag nodig het. Hierdie vorderingskaal behoort op alle nuwelinge in die skool toegepas te word en sesmaandeliks op al die kinders in die sentrum.

Daar is drie vorme van die P-A-C-kaarte:-

- a. "The Primary Progress Assessment Chart" (P-P-A-C)- hierdie vorm van die toets is geskik vir opleibare geestelik vertraagde kinders met 'n chronologiese ouderdom tussen 2 en 7 jaar.
- b. "The Progress Assessment Chart I" (P-A-C I) - hierdie vorm van die toets word veral in die opleidingsentrum gebruik, omdat die skaal voorsiening maak vir opleibare geestelik vertraagde kinders van 6 - 18 jaar.
- c. "The Progress Assessment Chart 2" (P-A-C 2), wat vir opleibare geestelik vertraagde adolessente en volwassenes van 17 - 23 jaar saamge-

stel is.

Die Vineland Social Maturity Scale en Gunzburg Progress Assessment Charts is twee objektiewe meetmiddels, waarvan die resultate met mekaar gekorreleer kan word om betroubaarheid te verhoog. Albei hierdie toetse word deur die Van Wyk-komitee (1967) aanbeveel vir gebruik in die opleidingsentrum (Verslag, p. 57).

Die Jannie Brink opleidingsentrum in Kimberley en The Hamlet in Johannesburg het onderskeidelik vorderingskaale saamgestel. Die skaal wat deur die Jannie Brink sentrum gebruik word, sluit die Marianne Frostig Ontwikkelingstoets vir visuele persepsie en "visio-motoriese" koördinasie, sowel as motoriese oefeninge van Kephardt in. Die inhoud van die vorderingskaal wat by The Hamlet gebruik word, is onbekend as gevolg van nie-respondering op skrywes in hierdie verband.

10.5 Opleidingsprogram vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind

Uit vraelysresponse, soos weergegee in par. 10.2.1, blyk dit dat die Downsindroomkind dieselfde opleidingsprogram as die ander opleibare geestelik vertraagdes van dieselfde ouderdomsgroep kan volg, maar dat verskeie aanpassings gemaak moet word om voorsiening te maak vir spesifieke agterstande en besondere vaardighede (kyk par. 10.2.2). Hier sal slegs gepoog word om bepaalde vaardighede skematies weer te gee en nie om die metodes te bespreek wat gebruik kan word om die vaardighede by die kinders te vestig nie. Die bespreking van doeltreffende metodes sou 'n hele studie op sigself impliseer. Downsindroomkinders wat spesifieke agterstande in bepaalde vaardighede ondervind, moet 'n groter mate van stimulering daarin ontvang. Die volgende item is daarom in die vraelys ingesluit: "Wat doen u/sou u doen om 'n opleibare geestelik vertraagde kind met Downsindroom met 'n agterstand in een of meer van die vaardighede: 'visueel-motories, selfsorg, skolastiese werk en sosiale aanpassing' (wanneer vergelyk met ander Downsindroomkinders van dieselfde chronologiese ouderdom)

te stimuleer, sodat hy dieselfde program as ander Downsindroomkinders van sy ouderdomsgroep kan volg?" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 8). Response word hierna in tabel 10.4 aangebied en in die verdere bespreking geïntegreer (kyk p. 135).

Die hoofafdelings van die opleidingsprogram wat hierna uiteengesit sal word, is gebaseer op die P-A-C van Gunzburg, maar die inhoud van elke afdeling is saamgestel om aan te pas by die spesifieke agterstande van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind.

10.5.1 Self-help vaardighede

a. Eetgewoontes

Die kind leer om:

- x te differensieer tussen eetgerei;
- x 'n lepel te hanteer (groot en klein) vir skep en eet, asook watter kossoorte met 'n lepel geëet word;
- x 'n vurk te gebruik;
- x met 'n mes te sny, botter en konfyt op te smeer en vrugte te skil;
- x die gebruik van mes en vurk te koördineer;
- x uit 'n glas te drink sonder om te mors;
- x self vloeistowwe in te skink en
- x beleefdheidswoorde soos "asseblief" en "dankie" te gebruik en te verstaan.

As gevolg van sy lompheid en hipotonie sal die Downsindroomkind veral probleme ondervind met die aanleer van hierdie vaardighede. Stimulering van fyn en growwe motoriese koördinasie, oog-hand koördinasie en die mate waarin die tong binne die mondopening is, sal die sukses in aanleer van goeie eetgewoontes bepaal.

Tabel 10.4

Beklemtoneings in die opleidingsprogram van die opleibare
geestelik vertraagde Downsindroomkind

Vaardighede waarin agterstand is	Terapie
1. Visueel-motories, oog-hand koördinasie	Arbeidsterapie, Frostig en Kephardt oefeninge, Fisioterapie
2. Selvesorg	Individuele aandag, stimulering van liggaamsbeeld;gebruik leidende persone vir identifisering. Die plasing in 'n koshuis bied die geleentheid om teen 'n stadiger tempo homself te leer versorg
3. Spraak	Spraakterapie
4. Growwe motoriese koördinasie, lompheid	Spring, hardloop, balansering - liggaamsoefeninge deur die sing van liedjies met bewegings daarby
5. Skolastiese werk	a. Leeswerk moet beperk word tot 'n "sig-leeswoordeskat", bv. "mans", "dames", "gevaar", ens. b. Skryfwerk - die skryf van 'n kort, eenvoudige brief c. Rekenwerk - herkenning van syfers

b. Mobiliteit

Die kind moet leer om:

- x trappies op te loop deur eers met albei voete op elke volgende trap te rus;
- x trappies af te loop deur met albei voete op 'n trap te rus;
- x trappies op en af te loop deur slegs een voet op elke trappie te plaas;
- x op die maat van musiek agter mekaar die trappies sonder ondersteuning op en af te loop;
- x met 'n karretjie te speel;
- x na die bure te stap sonder hulp;
- x buite die huis te gaan stap sonder om strate oor te steek en
- x later 'n straat selfstandig oor te steek en om klein inkopies by 'n winkel of kafee te doen.

Namate hipotonie en lompheid by die Downsindroomkind oorkom word, sal growwe motoriese koördinasie verbeter en sensoriese wakkerheid toeneem.

c. Toilet- en wasgewoontes

Die kind moet leer om:

- x behoeftes deur gebare of verbale uitdrukking verstaanbaar te maak;
- x self na die toilet te gaan en homself te help;
- x die kraan oop te draai, water in die wasbak te tap, hande seep te smeer, teen mekaar te was, af te spoel en te droog en
- x gesig en res van sy liggaam in die bad te was en af te droog.

Indien genoegsame fasiliteite by die sentrum of koshuis bestaan, moet alle kinders hierdie wasproses voor 'n groot spieël verrig om terselfdertyd die liggaamsbeeld te versterk.

d. Aan- en uittrek

Die belangrikste didaktiese beginsel wat die onderwyser hier moet onthou, is om die vaardighede stap vir stap aan te leer deur herhaling en

voortdurende terugkoppeling. Voortdurende aanmoediging is essensieel.

Die kind moet leer om:

- x eers sy kouse aan- en uit te trek;
- x skoene aan die regte voete te trek, veters in te ryg en vas te knoop;
- x afsonderlike kledingstukke van mekaar te onderskei, knope vas en los te maak en gespes en ritssluiters te hanteer.

Die oorsake van 'n kind se onvermoë om 'n bepaalde vaardigheid te bemeester, moet ondersoek word om so die oorsake uit die weg te probeer ruim of intensiewe terapie toe te pas. Neurologiese verstourings, motoriese gestremdhede, gebrek aan stimulering by die ouerhuis en min individuele aandag by die sentrum kan die probleem ten grondslag lê.

10.5.2 Liggaamsbeeld en persepsuele ontwikkeling

1. x Met betrekking tot visuele persepsie moet die aanleer van die volgende sake veral aandag geniet: Figuur-agtergrond, vorm, kleur-diskriminasie, twee- en driedimensionele waarneming, ruimtelike verhoudings, lateraliteit en rigtingbewustheid;
- x ontwikkeling van die tassin met behulp van voorwerpe. Die volgende begrippe kan met sekere hulpmiddels tuisgebring word:

Hard (hout, metaal),
 Sag (watte, deeg, skuimrubber),
 Glad (glas, plastiek, glanspapier),
 Skurf (skuurpapier),
 Fyn (satyn, leer),
 Grof (ruwe materiaal),
 Skerp (spyker, speld),
 Stomp (stok, potlood),
 Warm (water),
 Koud (water),
 Taai (lekker, gom).

2. Die kind moet leer om die volgende vorme deur middel van die tassin aan te leer:

rond,
vierkantig,
driehoekig.

x Ouditiewe persepsie behels die volgende:-

Klankdiskriminasie:

miaau,
mê-mê,
woef-woef,
skeur papier,
nies of hoes,
skud geldstukke,
blaas 'n fluit,
lui 'n klokkie,
klop aan die deur.

x Reukpersepsie, waar die kind bepaalde reuke moet identifiseer, nl. koffie, tee, sjokolade, lemoen, piesang.

x Kinestetiese en ruimtelike persepsie:-

Dit is die sensitiwiteit vir liggaamshouding en -beweging.
Die kind leer om bepaalde liggaamshoudings in te neem, bv. gebukkend, op een been staan, plat op die grond lê en omrol. Hierdie aksies kan op die maat van musiek uitgevoer word.

x Smaakpersepsie:-

Die kind leer om te diskrimineer tussen verskillende smake: sout, soet, suur en bitter.

x Liggaamsbeeld:-

Dit behels die volgende sake:

uitwys van liggaamsdele;

konsepte van: vas aan, end van, tussen, bo-op en buig;

benoeming van liggaamsdele by ander kinders;

kennis van die funksies van liggaamsdele;

kennis van die verhouding van liggaamsdele:-

(i) Saamvoeging van 'n man.

(ii) Teken 'n man.

Die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders het veral agterstande met betrekking tot hierdie persepsuele vaardighede, nl. tassin, ouditiwe, kinestetiese en ruimtelike persepsie. Daarom moet die onderwyseres die program van die Downsindroomkinders veral hier aanpas en 'n groter hoeveelheid stimulering gee in die vaardighede soos in die program uiteengesit.

10.5.3 Kommunikasie

a. Die begrip, gebruik en artikulasie van die gesproke woord (kyk par. 6.6)

- x Normale gehoorsfunksionering en vermoë tot aandag is noodsaaklike voorvereistes vir die begrip van die gesproke woord.
- x Die gebruik van werkwoorde en selfstandige naamwoorde is die belangrikste komponente van verbale uitdrukking. Die aanleer van elke handeling in die klaskamer en tuis moet met taal gepaard gaan.
- x Kort, eenvoudige sinne om die belangrikste behoeftes uit te druk, moet aangemoedig word.
- x Volwasse nes moet 'n suiwer, eenvoudige woordeskat in hul gespreke gebruik, want die Downsindroomkind leer veral deur nabootsing.
- x Die spraakterapeut moet daagliks al die Downsindroomkinders vir spesifieke sessies neem en veral kakebeen- en tongoefeninge doen met die oog op beter artikulering.
- x Die belangrikheid van begrip en gebruik van die taal word aan praktiese situasies gekoppel, nl. mens ontmoet of voorstel, 'n telefoongesprek voer en boodskappe ontvang en oordra.

Die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind ontwikkel spraak op 'n later stadium as ander opleibare geestelik vertraagdes met dieselfde ouderdom. Tomatis sê (Simposium, 1975) dat die oorsaak van die spraakagterstand by Downsindroomkinders in hipotonie gevind word. Hipotonie is nie alleen die oorsaak van lompheid en stadige motoriese ontwikkeling nie, maar ook van 'n gebrekkige ontwikkeling van die gesigspiere en stiebeuel in die oor. Sodra die kind uit die vooroorgeboë hipotoniese posisie regop kan

kom, sal bepaalde areas in die brein ook gestimuleer word en die gehoors= funksie begin ontwikkel. Die stimulering van die motoriese areas lei tot die stimulering van die laterale (spraak-)areas in die brein en taal ontwikkel. Hierdie feite verklaar die verskynsel dat die gemiddelde Down= sindroomkind eers op 4 - 5 jaar begin loop, waarna spraakontwikkeling volg. Die implikasie hiervan is dat die kind in sy voorskoolse jare aan genoegsame motoriese stimulasie onderwerp moet word.

b. Lees, skryf en reken

Lees:- Die doeltreffendste wyse waarop die opleibare geestelik vertraagde leesvaardighede aanleer, is deur die assosiasie tussen 'n prent en 'n beskrywende woord daarvan. Gunzburg (p. 137) gee 'n voorbeeld van so 'n sig-leeswoordeskat (slegs 'n aantal van die belangrikste woorde word hier aangehaal):

in	-	uit	geen toegang
trek	-	stoot	privaat
mans	-	dames	stop
ingang	-	uitgang	druk
hou links			hou regs
vergif			oorgang

* Om die tyd op 'n horlosie te lees is 'n verdere belangrike vaardigheid.

Skryf:-

- * Goeie oog-hand koördinasie is 'n voorvereiste vir die aanleer van hierdie vaardigheid.
- * Die natrek van syfers, letters en vorme moet by die kind lei tot inkleur= vaardigheid, die skryf van sy naam en 'n eenvoudige brief aan sy ouers.

Reken (getalsbegrip):-

- * Die enigste doel met rekenwerk is om die kind 'n elementêre begrip van bedrae geld te gee, om 'n korrekte getal eetgerei by die dek van 'n ta=

fel te gebruik en om 'n telefoonnommer te kan skakel en neerskryf.

10.5.4 Sosialisering

a. Huishoudelike aktiwiteite

- * Dek en afdek van die tafel;
- * skottelgoed was en wegpak;
- * koffie of tee maak en bedien;
- * was, stryk, wegpak en versorging van klere;
- * skoene poets en huis skoonmaak;
- * troeteldiere versorg;
- * tuin versorg en
- * doen van eenvoudige inkopies.

Seuns en dogters kan leer om hierdie aktiwiteite te verrig.

b. Speel-aktiwiteite

- * Deur sang, dans en ritmiese spele kry die Downsindroomkind die meeste geleenthede tot ontwikkeling in die vaardighede waarin hy die grootste moontlikhede tot opleibaarheid het.
- * Die Downsindroomkind is besonder ritmies aangelê en kan met behulp van nabootsing leer om in 'n slagorkes te speel (kyk par. 6.5).
- * In die spelsituasie ontwikkel die kind 'n bewustheid van ander mense, goeie maniere, selfbeheer (emosionele ontwikkeling), konsiderasie vir ander en respektering van ander se regte en eiendom.

10.5.5 Beroepsmatige aktiwiteite

Vraelysresponse met betrekking tot die volgende item word nie apart weer=gegee nie, maar in die voorgestelde aktiwiteite van die program geïnte=greer: "Indien die kind met Downsindroom 'n merkbare visueel-motoriese agterstand het by die res van sy ouderdomsgroep (wat alle kategorieë op=leibare geestelik vertraagdes insluit), waaruit sou 'n opleidingsprogram bestaan om hom visueel-motories te stimuleer sodat hy kan inskakel by sy

ouderdomsgroep?" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 9).

a. Fyn motoriese koördinasie

Met behulp van die volgende aktiwiteite kan kleinspierontwikkeling en oog-hand koördinasie bevorder word:-

- * Die uitknip van figure en prente.
- * Die hantering van 'n kwas om gom op uitgeknipte figure en prente te smeer en dit in 'n prenteboek te plak.
- * Die prente en figure kan verder met vetkryt ingekleur word.
- * Die inryg van krale bevorder veral oog-hand koördinasie.

b. Groewe motoriese koördinasie

- * Grootspierontwikkeling soos loop, spring, rol, gooi en vang.
- * Balans en spierkoördinasie.
- * Motoriese vaardighede wat belangrik is vir aktiwiteite soos eet, aantrek en verskillende vorme van handwerk.

As gevolg van sy lompheid en algemene stadige motoriese ontwikkeling is vroeë en volgehoue motoriese stimulering van die Downsindroomkind baie belangrik. Die voortdurende toepassing van vorderingskale sal die sukses of mislukking in bepaalde vaardighede aantoon. Hiervolgens sal die onderwyser weet om bepaalde klemverskuiwings in die opleidingsprogram van die Downsindroomkinders aan te bring.

10.6 Opleibaarheid

Om ondersoek in te stel na die opleibaarheid van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind met betrekking tot die verhoging van die verstandsouderdom, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Volgens u ondervinding, is dit moontlik om die verstandsouderdom van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind te verhoog? Motiveer asseblief u antwoord uit praktiese ervaring" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 11a, b). Die response word hierna in tabel 10.5 aangebied (kyk p. 143).

Tabel 10.5

Die moontlikheid tot die verhoging van die verstands=
ouderdom van die opleibare geestelik vertraagde Down=
sindroomkind

Sentrum	Ja	Nee	Onseker	Motivering
1. Alexandra School	x			"Enrichment programmes with specific skills ought to improve mental functioning in socialization, communication, selfhelp, occupation and locomotion."
2. Casa Do Sol	x			"We have much proof through nine years experience of working with mongols at Casa Do Sol."
3. Eljada Sentrum	-	-	-	Geen respons
4. E.S. le Grange=skool	x			"Baie persone beseef nie wat die moontlikhede tot ontwikkeling by hierdie kinders is nie, en gevolglik eksploiteer hulle dit ook nie."
5. Eureka Sentrum	x			"Ons het reeds 'n hele aantal kinders in die sentrum in so 'n mate opgelei dat hulle na 'n spesiale skool oorgeplaas kon word."

Sentrum	Ja	Nee	Onseker	Motivering
6. The Gateway	x			"A young mongol can progress infinitely over a long period of time if constantly and sufficiently trained and motivated."
7. The Hamlet	x			"A structured teaching programme will help the Down's Syndrome child to improve his perceptual abilities and awareness of the environment, and assist his speech and language development, which must lead to an increase in M.A."
8. Horison Skool vir Vertraagdes	x			"Waar daar in die ouerhuis nie genoeg prikkels verskaf word deur middel van leesstof, ontwikkelende gesprekke, uitstappies, ens. berus dit by die opleidingsentrum om daardie prikkels te voorsien."
9. Janie Schneider			x	-
10. Jannie Brink Sentrum			x	"Kinders wat van 6 - 18 jr. opgelei is, kan in ons beskermde werksplekke meer gespesialiseerde werk doen as die wat nie intensief opgelei is nie."
11. Kempton Parkse Skool vir Gestremdes	x			"Uit ons kort tydperk van praktiese ervaring, wil dit blyk dat die tipe kinders 'n groot potensiaal het vir kennis van hul doen en late en omgewing."
12. Lettie Fouché sentrum	-	-	-	Geen respons
13. McClelland School	-	-	-	Geen respons
14. Merryvale Training Centre		x		"You cannot increase it but stimulate it."

Sentrum	Ja	Nee	Onseker	Motivering
15. Muckleneuk Skool vir Vertraagdes	x			"Dit is moontlik om die verstandsonderdom van enige vertraagde kind te verhoog met die regte program."
16. Oasis Association for Retarded Children		x		-
17. Oosrand Sentrum vir Verstandelik Vertraagdes	x			"Ek het nou 18 maande met die kinders gewerk en daar is vordering, wat ons deur middel van die 'Hamlet Development Test' meet."
18. Rotara Opvoedingsentrum	x			"As leerlinge (bv. van 3 jr. af) 'n eenvoudige opleidingsprogram kan volg met nodige aandag en versorging tuis."
19. San Michele Home	x			"Personal contact with psychiatric nurse who understand what Down's Syndrome actually is."
20. San Salvador	-	-	-	Geen respons
21. Uitenhage Day Centre	x			"Repetitive skills and stimulation which the child has not had at home."
22. Witrand Skool Afdeling	x			"Enige opleibare geestelik vertraagde kind se verstandsonderdom kan van minimale na maksimale potensiaal verhoog word deur hom te onderwerp aan 'n konsekwente stimulerende omgewing met 'n daaglikse opleidingsprogram."
Totaal	13	2	3	
%	59	9	14	

Volgens vraelysresponse het 59% respondente bevind dat dit deur die gebruik van 'n doeltreffende opleidingsprogram moontlik is om die opleibaarheid van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind te verhoog. 9% Respondente het bevind dat die Downsindroomkind se verstandsouderdom (wat hier as die funksioneringsvlak van bepaalde vaardighede beskou word) nie verhoog kan word nie. Een van hierdie sentrums (no. 14) het 'n dubbelsinnige motivering vir hul respons gegee, terwyl die ander sentrum (no. 16) geen motivering ter staving van hul respons gegee het nie. 14% Respondente is onseker en 18% het geen respons gelewer nie.

Gevolgtrekking

Uit die vraelysresponse, wat in tabel 10.5 weergegee is, kan daarom afgelei word dat die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind in 'n baie groot mate opleibaar is. Die bevindinge met betrekking tot die opleibaarheid van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind in hierdie studie bied daarom 'n belangrike teoretiese raamwerk waaruit bepaalde hipoteses geformuleer en geverifieer kan word.

10.7 Samevatting

Eerstens is daar in hierdie hoofstuk uit vraelysresponse tot die gevolgtrekking gekom dat die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind se spesifieke agterstande en besondere vaardighede dit noodsaak dat daar in die opleidingsprogram spesiale aanpassings vir hom gemaak moet word. Vervolgens is 'n opsomming gegee van psigometriese hulpmiddels wat die verskillende opleidingsentrums gebruik. Hieruit het dit geblyk dat die Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die meeste gebruik word om die I.K. van die opleibare geestelik vertraagde te bepaal.

Hierna is 'n aantal psigometriese en diagnostiese hulpmiddels bespreek en die waarde daarvan vir die bepaling van die funksionerings=

vlak van bepaalde vaardighede uiteengesit. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die Stanford-Binet Intelligence Scale, die Merrill Palmer Scale of Mental Tests en die Goodenough-Harris Drawing Test as verstandskale gebruik moet word en die Vineland Social Maturity Scale en die Gunzburg Progress Assessment Charts as skale vir die bepaling van sosiale vaardighede. Hierdie skale sal vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas moet word.

Die terapeutiese programme wat deur bepaalde sentrums gebruik word om vaardighede waarin spesifieke agterstande is, te stimuleer, sowel as 'n opleidingsprogram vir die Downsindroomkind, is hierna bespreek. In die laaste afdeling van die hoofstuk is die vraelysresponse met betrekking tot die opleibaarheid van die Downsindroomkind aangebied en bespreek.

In hoofstuk 11 word die ondersoek kortliks saamgevat en 'n aantal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.